DIE MAGTIGE OORWINNAAR

Dankie, broer.

Dankie. So ’n voorreg om weer hier te wees vanaand onder hierdie groot tent, om weer te preek in die Naam van ons Here.

2 Nou net voor ons Sy Woord lees, laat ons met Hom praat in ’n woord van gebed, sal ons ons hoofde buig.

3 Ewige God, Wat weer die Here Jesus uit die dood gebring het, ons bid dat U ons ons baie oortredinge teen U sal vergewe, en dat U Gees na ons toe sal kom vanaand, in die groot uitstorting, en mag die sondaars hulle pad oopweën vanaand, en die—die siekes genees word, en die groot tekens van die Lewende God gedoen word onder hierdie tent vanaand, God. Skenk dit.

4 Hierdie is U Woord, soos ons gereedmaak om Dit te lees, en niemand kan Dit interpreteer behalwe die Heilige Gees nie. En ons bid dat Hy ons die konteks van die Woord sal gee. Skenk dit, Here. Deur Jesus’ Naam, bid ons. Amen.

5 Ek is net lief vir die Woord van God, ek hou daarvan om Dit te lees. Daar’s iets Daaromtrent wat so opwindend is, net om te weet dat ons Iets lees wat Ewig is; en God se Woord is net so Ewig as wat Hy is.

6 Enige mens, geen mens is enigsins beter as sy woord nie. As ek nie jou woord kon neem nie, dan het ons niks met mekaar te doen nie; en as jy nie my woord kon neem nie, kon jy my nie vertrou nie. En as ons God se Woord kan neem, kan ons vertrou dat wat Hy gesê het waar is. En as ons Dit nie kan neem nie, dan is dit tyd vir ons om te gaan bid totdat God dit aan ons openbaar, dat Hy die Woord is. “In die begin was die Woord, en die Woord was by God, en die Woord was God.”

7 Nou, ons gaan lees, vanaand, uit die Boek van Openbaring en die 6de hoofstuk en die 2de vers:

> *En ek het gesien, en kyk daar was ’n wit perd: en hy wat* daarop *sit* het *’n boog; en aan hom is ’n kroon gegee: en hy het uitgegaan as ’n oorwinnaar, en om te oorwin.*

8 Ek wil graag, as dit op hierdie manier genoem moet word, om dit onder oorweging te neem as synde genoem te word: *Die Magtige Oorwinnaar*.

9 ’n Tyd gelede, het ek die voorreg gehad om in Lisabon, Portugal, te staan, en ek het opgegaan na die ou kombuis waar hulle altyd slawe en oorlogsgevangenes gehad het, en daar was ’n man, ’n foto is gegraveer op een of ander metaal, en dit was, die man, een of ander groot krygsman, hy was ’n held, want hy het hierdie groot stad ingeneem. En toe, net anderkant hom was ’n . . . hy was ’n Turk. En net oorkant dit was ’n ander man wat sy

lewe gegee het aan hierdie muur, 'n ander held, oorwinnaar, wat hy sy lewe gegee het as 'n held soos hy die mure platgeslaan en dit weggeneem het van die Turke, en die Spanjaarde dit oorgeneem het.

10 En die wêreld was vol helde, en oorwinnaars, ensovoorts. En ek dink, vanaand, aan Konstantyn, soos die groot, magtige krygsman op sy pad na Rome was, net 'n bietjie bekommerd was om soontoe te gaan. Een aand, toe hy in sy slaap was, het hy 'n droom gedroom, dat hy 'n wit kruis voor hom sien kom het, en 'n stem het met hom gepraat en gesê: "Hierdeur sal jy oorwin." En hy het al sy manne wakker gemaak in die middel van die nag, en hulle 'n wit kruis op hulle skild laat verf. En daardeur, wel, moes hulle oorwin.

11 En waarlik, as daar enige oorwinning is om te behaal, sal dit deur die kruis moet kom, dis die enigste manier wat daar is om te oorwin, is deur die kruis.

12 En ons weet dat Konstantyn 'n groot man was, maar dan dink ons weer aan. . . Omtrent drie jaar gelede was ek op pad van Duitsland af, waar die Here ons 'n groot diens gegee het, en ons het in Brussels oornag, en ons was nie te ver daar buite na Waterloo nie en hulle het ons vertel van 'n paar standbeelde, ensovoorts, wat hulle gehad het as aandenkings van die groot stryd by Waterloo, baie, baie honderde jare gelede, waar die groot Napoleon verslaan is.

13 En Napoleon, ons weet almal as 'n groot man, maar hy het op 'n goeie pad begin toe hy 'n jong man was, en op die ouderdom van drie-en-dertig het hy die wêreld oorwin. Nadat hy almal in die wêreld verslaan het, en al die nasies, het hy gaan sit en ween omdat daar niemand anders was om te verslaan nie. En het hy op 'n vroeë ouderdom, as 'n alkoholis gesterf. Toe hy begin het, was hy 'n geheelonthouer, maar toe hy gesterf het, was hy 'n alkoholis.

14 En hy was so gevrees deur die wêreld, ek het 'n boekie gelees daar in die lughawe wat gesê het dat die vroue in die aand, wanneer hulle die klein babatjies in die bed gaan sit het, soos menige moeder gesê: "As jy nie aan die slaap raak nie, gaan die ou boegieman jou kom haal," wel, hulle sou hulle babas meer bang maak deur te sê dat—dat Napoleon hulle sou kry, omdat hy so 'n moordenaar was. Die kleintjies sou hulle ogies rek en baie vinnig onder die deken inglip, want hulle het gedink daardie magtige Napoleon sou hulle kry. Maar hy is verslaan omdat hy nooit die reëls van die spel reg gespeel het nie.

15 En onthou net dit, dis 'n goeie les vir die Kerk van die lewende God: As ons nie die spel speel volgens die reëls nie, sal ons gediskwalifiseer word aan die einde, jy moet by die reëls van die spel hou, om te wen.

16 En as die reëls van die spel in hierdie plek is: "'n Mens moet wedergebore word om in die gemeenskap van Christus en Sy

Kerk in te gaan," en ons mag die grootste denominasie op aarde wees, maar as ons nie volgens die reëls van die spel gespeel het nie, sal ons gediskwalifiseer word aan die einde. Ons moet reguit kom volgens God se reëls. Dit is nie ons reëls nie, dis Sy reëls waarby ons moet bly. Ons hardloop die wedloop volgens Sy reëls, en ons moet by hulle bly.

17 So julle sien, Napoleon, nadat hy 'n groot krygsman was, en 'n groot oorwinnaar, het hy mense onder vrees oorwin, en dis nie die reël van die spel nie, die reël van die spel is oorwin deur liefde.

18 Daar is geen ander mag in die hele wêreld so groot soos liefde nie. En ek is amper seker dat ons as mense te veel klem geplaas het op ander reëls wat, ek bedoel nie om onbeskof te wees nie, maar, wat ons partymaal self gemaak het, en soveel klem op daardie reëls plaas, net om onsself ongekwalifiseerd te vind.

19 Wat as Martin Luther die reëls van die spel reg sou gespeel het? Daar sou nooit 'n Metodiste kerk gewees het nie. Wat as Metodis die reëls van die spel reg gespeel het? Daar sou nooit 'n Pinksterkerk gewees het nie. Maar as ons nalaat om die reëls van die spel reg te speel, sal God ons diskwalifiseer en uit hierdie klippe, kinders vir Abraham oprig. God wil hê die spel moet reg gespeel word, en ons moet dit doen. So dit maak geen verskil hoeveel ons voel dat ons vooruitgaan nie, totdat ons terugkom by die reël van die spel . . .

20 Ek het vanmiddag met 'n paar Indiane gepraat, Hopi Indiane, wat al die pad van oorkant in Arizona af gekom het om in die diens te wees. En party van die jongmanne was gisteraand hieronder by die altaar, het hulle harte vir Christus gegee. En daar het 'n sendeling saam met hulle gekom, en ek het gesê . . . Hy het gesê: "Broer Branham, ek sou graag wou hê jy moet God vra of Hy net my werk sal vermeerder vir die Indiane."

21 Ek het gesê: "Ek voel ook vir hulle, meneer." Maar ek het gesê: "As God jou 'n talent gegee het, bly by daardie talent. En maak nie saak wat jy probeer doen nie, as daardie talent nie geopereer word nie, maak nie saak hoe groot dit is nie, as dit nie gedoen word volgens die reëls nie, sal jy gediskwalifiseer word in die wedloop."

22 En die sterkste krag, waarvan ek weet, is liefde. "Al sou ek die tale van mense en Engele spreek, en het nie die liefde nie, is ek niks, of word soos 'n klinkende metaal en 'n luidende simbaal. Al het ek mag om berge te versit, en het nie die liefde nie, is ek niks."

23 So, as ons hierdie spel gaan speel, soos ons dit sou noem, as ons gaan wen, moet ons teruggaan na die wenbeginsel. Al hierdie groot tekens en wonders wat ons gesien het, aan God gee ons lof. Maar as daardie dinge nie gebou is op goddelike, Christenliefde en respek vir God en Sy mense nie, sal dit faal. Dit moet net faal.

Sien? Want dit het geen fondasie nie. En in hierdie groot ding, ek . . .

24 Gestaan 'n tyd gelede, was ek in die Westminster Abdy in Londen, Engeland, en ek het die vorm van die digter gesien wat die *Psalm Van Die Lewe* geskryf het, Longfellow, en ek het aan sy gedig gedink:

> Vertel my nie, in droewige getalle,
> Die lewe is net 'n leë droom! (Eet net, drink en
> wees vrolik.)
> En die siel is dood wat sluimer,
> En dinge is nie wat hulle blyk nie.
>
> Lewe is eg! En lewe is ernstig!
> En die graf is nie sy doel nie;
> Stof is jy, tot stof keer jy terug,
> Is nie gesê van die siel nie.
>
> Lewens van groot manne herinner ons almal,
> En ons kan ons lewens vroom maak,
> Met afskeid, laat agter ons
> Voetspore in die sand van tyd;
>
> Voetspore, wat miskien nog een,
> Wat oor die lewe se groot see seil,
> Vir 'n verlate en skipbreuk broer,
> wat sien weer moed sal skep.
>
> Laat ons dan op wees en aan die gang,
> Met 'n hart vir enige stryd;
> Wees nie soos stomme aangedrewe vee nie!
> Wees 'n held . . . !

25 Dis wat elke individu van die kerk in hulle hart behoort te koester, om hulle allerbeste vir die Koninkryk van God te doen. En hoe dien julle God? Wanneer julle mekaar dien, wanneer jy die puntjie van die horing neem, so te sê. En manne wat ooit veel werd was in die wêreld, was mense wat gedaal het en nie groot manne geword het nie, hulle het hulleself klein gemaak om 'n doel te bereik.

26 Ek dink, vanaand, soos ek oor hierdie gehoor mans kyk, van julle mans en vroue, wat omtrent my ouderdom is, van 'n held waarvan ons altyd gelees het in ons biblioteek, al te gou vergete, en dit was van Arnold von Winkelried van Switserland. Wel, bo in die Switserse berge, kan jy net sy naam vandag noem, en die uitdrukking op die mense se gesigte sal verander, en daar sal trane teen hulle wange afloop.

27 Ons is almal bekend met die storie van hoedat die Finse mense, of nie die Finse nie, verskoon my, maar die Switserse mense, hulle was net 'n klomp Duitsers wat opgegaan het in die berge om in vrede te lewe en nie om oorlog te hê nie, en hulle is steeds nie 'n strydlustige volk nie.

28 Maar eendag, toe hulle klein ekonomie deur 'n leër aangeval is, en al die Finse manne het in die vallei onder die berge vergader, hulle het soontoe gegaan om hulle huise te verdedig, en hulle kinders, en alles wat hulle kosbaar geag het in die lewe, het hulle gegaan om dit te verdedig, en toe hulle vir hulleself 'n klein groepie buite in die veld gekry het, en gekyk het, wat aankom, na hulle toe, 'n groot marsjerende leër, soos 'n baksteenmuur, elke man opgelei met spies, en skild, en helms, en groot wapenrusting aan, net so opgelei en volmaak, totdat nie een man uit gelid was nie, so het dit gelyk, vir 'n eindelose afstand. En hier het hulle gestaan, en het gestaan vir regte, as 'n groep wat almal teen die muur vasgedruk was, met ou sekellemme, en klippe, en stokke in hulle hande om mee te veg.

29 Wat kon daardie klein leër doen teen so 'n aanslag soos hulle gehad het, teen 'n vyand elke man opgelei vir die doel? Wel, hulle was hulpeloos, hulle het nie een ding gehad wat hulle kon doen nie.

30 Maar uiteindelik, het daar 'n jong man uitgestap, van omtrent die ouderdom van drie-en-dertig, en hy het gesê: "Menere van Switserland, vandag sal ek my lewe gee vir Switserland."

Hulle het gesê: "Arnold von Winkelried, wat kan jy doen teen so 'n groot skare wat aankom?

31 Hy het gesê: "Net oorkant die berg, het ek my vrou en drie kinders totsiens gesoen. En daar's 'n klein, wit huisie, en hulle staan in die deur om my te sien huis toe kom, maar," gesê: "ek sal hulle nooit weer sien hierdie, op hierdie aarde nie, want vandag gee ek my lewe vir Switserland, en sy regte."

Hulle het gesê: "Wat sal jy doen, Mnr. Arnold von Winkelried?"

Hy het gesê: "Volg julle my net, en waarmee julle ook al moet veg, veg met alles wat in julle is."

En hulle het gesê: "Wat sal jy doen?"

32 En hy het neergegooi wat hy in sy hand gehad het, hy het daardie groot leër sien aankom, en hy het dit oraloor bekyk totdat hy die digste van die spiese gevind het, en soos die storie lui, het hy sy hande opgesteek en reguit na die midde van die spiese toe gegaan, geskree: "Gee pad vir vryheid!" En hy het weer geskree: "Gee pad vir vryheid!" En hy het reg in daardie ingehardloop, waar 'n honderd spiese om hom te vang, en hy het sy arms uitgegooi en 'n hele armvrag van hulle gekry, en hulle in sy bors ingegooi.

33 So 'n vertoning van heldemoed, dit het die leër verslaan, en daardie Switserse mannetjies met stokke en klippe, en sekellemme, het daardie leër uit hulle gebied uitgedryf, en hulle het nog nie weer 'n oorlog gehad nie.

34 Daardie soort heldemoed is selde mee vergelyk, en nooit oortref nie, en Switserland, vandag, onthou dit, Arnold von Winkelried, honderde en honderde jare met geen oorlog nie, dit was ’n groot, heldedaad.

35 Maar, o, broer, suster, dit was so ’n klein dingetjie teenoor, eendag toe Adam se ras teen ’n muur vasgekeer was, hulle het profete gehad, hulle het wette gehad, en hulle het die profete doodgemaak, en het hulle wette vernietig, en Adam se ras is oorheers, hulpeloos en hopeloos teen die aankomende vyand, die duiwel en sy hele leër, goed-opgeleide gees-wesens, die sterflike was glad nie opgewasse teen hulle nie. En wat kon hulle doen? Hulle was hulpeloos.

36 Maar daar was Een wat uitgestap het in die Heerlikheid uit die boesems van die Vader, en Hy het gesê: “Ek sal vandag afgaan en My lewe gee vir Adam se gevalle ras.”

37 En toe Hy hier op aarde was, het Hy die donkerste plek gevind van die spiese wat die mens oorwin het, wat die dood was, en Hy het ’n armvol van hulle gegryp op Gólgota en Homself doodgeval, en die opdrag gelos by Sy Kerk, die klein, verslete groepie, ongeleerde, ongeletterde visserman. Hy het Dit nooit net stokke en klippe gelos om mee te veg nie, maar op die Pinksterdag, het Hy die grootste Wapen in die Kerk se hande gesit wat Dit ooit gehad het, en Hy het gesê: “Volg My, en veg met alles wat in julle is.”

38 Hy het die weg gebaan, Hy was die Magtige Oorwinnaar. Hy het nie vir Homself oorwin en vir Sy Eie heerlikheid nie, maar Hy het oorwin vir die bevordering van Adam se gevalle ras; daar was nog nooit so ’n oorwinnaar gewees nie.

39 Napoleon is verslaan as ’n dronk maniak op die ouderdom van drie-en-dertig, maar op die ouderdom van drie-en-dertig, het Christus, wat die spel reg gespeel het, die dood, hel, siekte, en die graf oorwin. Was nooit ’n oorwinnaar soos Hy nie, of kan nooit wees nie.

40 Dames en here, en my broers, en susters, dis tyd, vanaand vir die Kerk om dit op te tel waar Christus gelos het. “Hieraan sal almal weet dat julle My dissipels is, as julle mekaar liefhet.” En neem daardie swaard en self-opoffering en kom weer terug na die ou Evangelielyn, gaan uit om ons vyande te oorwin. Oorwin deur liefde, deur dieselfde ding wat “God die wêreld so liefgehad het dat Hy Sy eniggebore Seun gegee het, dat wie ook al in Hom glo, nie verlore sal gaan nie, maar die Ewige Lewe kan hê.”

41 Toe Hy op aarde was, het Adam se ras baie vrese gehad, en dis waar, hulle het hulle steeds, maar hulle behoort hulle nie te hê nie. Soos Arnold von Winkelried eens en vir altyd oorlog beëindig het, en Christus het vir eens en vir altyd by Gólgota gewen.

42 Toe Hy hier op aarde was, het Hy opgestap na ’n—’n siek man, daardie siekte het die menslike ras gebind, en Hy het gesê: “Jou

gees van die duiwel, Ek beveel jou, kom uit die man uit." Hy het die duiwel oorwin.

43 Wanneer 'n man dood in die graf lê, het Hy die dood vir die man oorwin, of die siekte toe die maniak uitgekom het om Hom te vernietig, en die maniak besef het dat Hy die Seun van God was, hy het vir Hom gesê: "O, as U ons sal uitwerp, laat ons in daardie klomp varke ingaan." Want hy het die gesag geken wat Jesus Christus gehad het. Hy het die duiwel oorwin oral waar Hy hom ontmoet het. En Hy het dit nie net Homself oorwin nie, maar het die opdrag aan die Kerk nagelaat dat: "Enigiets wat julle in My Naam vra, dit sal Ek doen."

44 Veg met wat in jou hand is, as dit sang is, sing die Evangelie; as jy niks kan doen behalwe fluit nie, fluit net so hard as wat jy kan tot die eer van God; jy niks meer kan doen as om jou hande te klap nie, klap. Oorwin met wat jy ook al in jou hand het. Klap hulle op so 'n manier, dat al die bure jou sal liefhê, fluit net op so 'n manier dat alle denominasies sal weet dat jy aan Christus behoort. Oorwin, speel die spel regverdig, speel dit reg.

45 Ons lewe in 'n dag dat wanneer hierdie sosiale evangelie oorheersend word, wanneer die—die kerke hulleself verenig en 'n sosiale godsdiens maak, en hulleself verbind, dis 'n verskriklike dag, hulle probeer al die Goddelikheid wegneem, en al die—die—die heerlikheid weg van Christus, en probeer om Hom net 'n profeet maak. As Christus net 'n profeet was, is ons elkeen verlore. Hy was meer as 'n profeet. En vandag toe . . .

46 'n Vrou het vir my gesê 'n tyd gelede, sy het gesê: "Mnr. Branham, daar's een ding waarvan ek nie hou van jou preek nie."

Wel, ek het gesê: "Wat is dit, suster?"

En sy het gesê: "Jy probeer Christus te veel verheerlik, jy spog te veel met hom. Jy probeer hom meer maak as wat hy is."

Ek het gesê: "As ek tienduisend tale gehad het, sou ek, kon hulle uitput, en kon nooit verduidelik wat Hy regtig is nie. Hy is elke lof waardig."

Sy het gesê: "Mnr. Branham, ek het jou hoor sê van die platvorm af, dat jy 'n fundamentalis was."

Ek het gesê: "Volgens die Woord, ja."

Sy het gesê: "As ek vir jou sal verduidelik en vir jou bewys deur die Woord, dat hy net 'n man was, en jy probeer hom Godheid maak . . . "

Ek het gesê: "Hy was Godheid." Ek het gesê: "God was in Christus, om die wêreld met Homself te versoen." Ek het gesê: "As Hy net 'n profeet was, is ons almal verlore."

Sy het gesê: "As ek vir jou sal bewys met die Bybel dat hy net 'n man was, sal jy dit aanvaar?"

Ek het gesê: "Ja, mevrou, as die Bybel dit gesê het."

Sy het gesê: "Toe hy afgegaan het na die graf van Lasarus, in Johannes die 11de hoofstuk, het die Bybel gesê hy het geween, en as hy Godheid was, kon hy nie ween nie, so dit het hom niks anders as net 'n gewone, goeie man gemaak nie."

47 Ek het gesê: "Suster, jou argument is nikswerd nie," ek het gesê: "jy sien nie, jy het die man gesien, maar jy het nie die God in die man gesien nie." Ek het gesê: "Dit is waar toe Hy afgegaan het na die graf van Lasarus, Hy gehuil het soos 'n man, maar toe Hy daardie skouertjies teen mekaar teruggetrek het, en die gesig van 'n dooie man gekyk wat dood was en sy siel vier dae op reis was, en Hy het gesê: 'Lasarus, kom voort,' het daardie dooie man weer op sy voete gestaan, dit was meer as 'n man wat daar gepraat het. Hy is 'n Magtige Oorwinnaar. Dit was God wat deur Sy Seun gespreek het."

48 En Hy was 'n man, toe Hy daardie aand, honger, van die berg afgekom het, het niks gehad om te eet nie, en rondgekyk aan 'n vyeboom om iets te kry om te eet, Hy was 'n mens toe Hy honger was, maar toe Hy vyf broodjies en twee vissies geneem en vyfduisend gevoed het, was dit meer as 'n mens, dit was God wat deur Sy Seun, Christus Jesus gespreek het, Godheid in die mens.

49 Hy, Hy was waarlik 'n mens, toe Hy aan die agterkant van daardie bootjie was daardie aand toe tienduisend duiwels van die see gesweer het hulle sou Hom verdrink, dit het daarbuite rondgedobber soos 'n bottelprop op 'n magtige see, en die duiwel, wat gesien het, het gesê: "Nou, het ons Hom," maar toe Hy wakker geword het, Sy voet op die rand van die boot gesit het, opgekyk en gesê het: "Swyg, wees stil," en die golwe en die winde Hom gehoorsaam het, was Hy meer as 'n mens, toe Hy dit gedoen het.

50 Hy was 'n man toe Hy om genade geroep het aan die kruis, Hy het gesterf soos 'n man, maar op Paasoggend, toe die seël van die Romeinse regering gebreek is en die graf leeg was, het Hy weer opgestaan, Hy mag gesterf het soos 'n man, maar Hy het weer opgestaan soos God. Hy was 'n God-mens.

Geen wonder die digter het gesê nie:

> Lewend, het Hy my liefgehad; sterwend, het Hy my gered;
> Begrawe, het Hy my sondes ver weggedra;
> Opgestaan, het Hy geregverdig, vrylik vir ewig:
> Eendag, kom Hy—o, wonderlike dag!

Geen wonder, blinde Fanny Crosby kon skree nie:

> Gaan my nie verby, O liewe Heiland,
> Hoor my sagte roep;
> Wyl U andere roep,
> Gaan my nie verby.
>
> U die Stroom van al my troos,

Meer as lewe vir my,
Wie het ek op aarde behalwe U?
Of wie in die Hemel behalwe U?

51 Hy was meer as 'n mens, Hy was God se Magtige Oorwinnaar. O, hoe ons Hom behoort lief te hê, hoe ons Hom behoort te prys! Hoe ons mekaar behoort lief te hê, soos Hy ons liefgehad het, en Homself vir ons gegee het, dat ons meer as oorwinnaars kon wees, deur Hom, Wat siekte, dood, hel oorwin het!

52 Ons sien Hom hier op aarde as 'n Oorwinnaar. Ons sien Hom daar staan langs die graf en die dood oorwin in daardie man. Sy siel was vier dagreise ver, ek weet nie waar hy was nie, julle ook nie, maar waar hy ook al was, het Hy dit oorwin, dit teruggebring, verderwing het sy Meester geken. Amen. En die siel van hierdie man wat dood was, het teruggekom en weer gelewe in 'n sterflike liggaam, en aan 'n tafel gesit en eet. Was nooit 'n mens wat dit tevore kon doen nie. Hy was God se Magtige Oorwinnaar.

53 Die siekte. . . Hy het nooit 'n begrafnis gepreek nie, die dood kon nie in Sy teenwoordigheid bly nie. Hoe kon dood en lewe saamwoon? Hulle kan dit nie doen nie. Dis die rede vandag, broer, wanneer die Kerk wedergebore is uit die Gees van God, dood en lewe kan nie bymekaar hou nie, iets vind plaas. Christus kom in en oorwin ons passies, Hy oorwin ons begeertes, Hy oorwin alles wat goddeloos is oor ons, en omdat Hy lewe, lewe ons, ook. Hy oorwin alles wat goddeloos is, Hy het dit alreeds gedoen, dit lê op ons hande net om te ontvang.

54 Ons sien Hom in Sy aardse bediening as 'n Oorwinnaar, sekerlik, ons sien. Maar nou laat ons Hom dophou nadat Hy gesterf het, Hy het steeds voortgegaan met oorwin, Hy het nooit geëindig by die graf nie. Die Bybel het gesê Sy Siel het neergedaal in die hel, en Hy het gepreek vir die geeste wat in die gevangenis was, wat hulle nie bekeer het in die lankmoedigheid van die dae van Noag nie.

55 Ek kan Hom sien soos die hemele en die aarde swart word, die rotse wat uit die berge uitskeur, die hele hemele, die maan, die sterre het geweier om te skyn, Hy het dit oorwin. En toe Hy afgegaan het, neergedaal het, en aan die deur geklop het waar daardie verlore siele was, [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] en toe die deure oopgegaan het, en daardie mense wat gelag en Henog bespot het, wat Noag bespot het, ek kan Hom hoor sê: "Ek is daardie Een wat Henog gesê het sou kom met tienduisende van Sy heiliges. Waarom het julle nie vir Henog geglo nie? Waarom het julle nie vir Noag geglo nie?"

56 Alles moes weet dat Hy oorwin het. Toe Hy die deur by hulle toegeklap het, was die dae van genade verby. Verder af in die laagste putte van die hel het Hy gegaan, en Hy het aan die deur van die duiwel se hel geklop.

57 En die duiwel kom na die deur toe, as ons kon kyk om te sien, en daar het hy gesê: "Wel, hier is U toe uiteindelik. Ek het beslis gedink ek het U gehad toe ek die profete doodgemaak het; ek was seker ek het U gehad toe ek Johannes se kop afgekap gehad het in die tronk, maar nou, uiteindelik, het U aangekom."

58 Ek kan Hom hoor soos Hy sê, Homself regop bring, gesê: "Satan, ek is die maagdelik gebore Seun van die lewende God, My Bloed is nog nat op die kruis, Ek het die prys betaal, Ek het oorwin, en Ek het afgekom om oor te neem, jou te stroop van alles waarop jy aanspraak maak jy gehad het." Uitgereik na sy sy en daardie sleutels van die dood en die hel van hom afgeruk, skop hom terug na die plek waar hy behoort het. Hy het die hel oorwin! Toe Hy opgestaan het, het Hy die sleutels van die dood en die hel gehad wat aan Sy sy hang.

59 Waarvoor is die Kerk dan bang? Amen. Hy het Satan oorwin, Hy het siekte oorwin, Hy het die dood oorwin, Hy het die hel oorwin, Hy's op Sy pad uit. Onthou, daar's nog 'n paar getroues wat ook heengegaan het. Hulle was in 'n plek genaamd Paradys, hulle kon nie in die Teenwoordigheid van God ingaan nie, omdat hulle aanbid het onder die gestorte bloed van lammers en bokke, ensovoorts; dit het nooit sonde geskei nie, dit het net sonde bedek.

60 En dis reg vandag, vriende, jy kan nie jou sondes bedek en ingaan nie, dit moet van ontslae geraak word. En daar's net een ding wat dit sal doen, dit is nie jou kerk nie, dit is nie jou doop met die water nie, dis die Bloed van Jesus Christus, wat sondes bedek en dit skei. Die enigste manier wat daar is om te oorwin, is deur die Bloed van die Here Jesus.

61 En kom ons sê dis omtrent vieruur die, op Sondagoggend, Sara en Abraham loop rond deur die Paradys, en meteens, kom daar en gehamer aan die deur. [Broer Branham klop op die preekstoel—Red.] En Job gaan na die deur toe en hy maak die deur oop om te sien wie klop, wat vanmôre op hierdie tyd van die dag aankom. En hy kyk, steek sy hand op, hy het gesê: "Dis my Verlosser, wat ek destyds daar gesien het waar die weerlig geflits het! Ek weet Hy lewe, en in die laaste dae, sal Hy op die aarde staan, dis Hy."

Abraham het gesê: "Wat het jy gesê, Job?" Hy kyk oor sy skouer, gesê: "Kom hier, Sara, kyk hier, kyk Wie is by die deur, vanmôre."

"Wel," het Sara gesê: "dis die Een wat Sy rug op my gedraai gehad het, en ek het gelag in die tent, en Hy het dit geweet! Dis Dit, dis Hy."

Hier kom Daniël aangehardloop, en kyk oor Sara se skouer, hy het gesê: "Dis die Rots, wat ek gesien het, gekap uit die berge sonder hande!"

Net toe, het Eségiël aangehardloop gekom, hy het gesê: "Dis die Wiel in die middel van die wiel, wat ek sien draai het, ver bo in die middel van die lug!" Daar's die Magtige Oorwinnaar.

62 O, goeiste, soos ons hulle dan hoor, gesê: "Komaan, kinders, julle was getrou oor 'n paar dinge. Komaan, ons gaan uit vanmôre, julle was lank genoeg hierbinne, ons gaan hoër." O God, laat dit die begeerte van die Kerk wees! Laat ons hoër gaan, ons penne uit Egipte uittrek.

63 Abraham het gesê: "Vader, kan ons net vir 'n klein rukkie stop, soos ons deurgaan? Ek wil graag die ou plek gaan besigtig."

"Sekerlik, Ek gaan met My dissipels praat vir veertig dae, 'n rukkie rondkyk."

64 Julle weet, die Skrif sê dat baie van die heiliges opgestaan het na Sy opstanding, in die stad ingegaan en aan baie verskyn het. Abraham en Sara wat deur die stad geloop het: "Was dit nie wonderlik nie?" Gesê: "Sara, kyk na die ou plek." O, goeiste, ek voel nou baie godsdienstig, ek voel regtig so. "Kyk daarna. Daar's die stad van Dawid, daar's al daardie pragtige plekke. Daar's die altare wat ek gebou het. Geseënd sy die Naam van die Here!"

65 Na veertig dae, het Hy gestaan, Sy laaste opdrag gegee: "Gaan in die hele wêreld in en verkondig die Evangelie." Nie kerke bou nie, nie organisasies maak nie, maar die Evangelie verkondig; ons het anders gedoen. "Vir hulle wat geglo het, sal hierdie tekens volg: In My Naam sal hulle duiwels uitdryf," ensovoorts, soos Hy aangaan.

66 Terwyl Hy gepraat het, is swaartekrag oorwin, word dit lig onder Sy voete, soos honderde broers, dophou: en Hy begin opbeweeg, op, vaar op, Hy en die Ou Testamentiese heiliges, gaan in die Heerlikheid in. Hulle het verder gegaan as die sterre, verby die maan, verby die sterre van die sterre. En hulle het in sig gekom van die groot Stad. O, wat moes dit gewees het, Jesus vooruit soos daardie groot Oorwinnaar wat voortmarsjeer!

67 En meteens, het die Ou Testamentiese heiliges in sig van die groot, pragtige Stad gekom, en hulle het geskree met een groot slag wat die Hemele geskud het: "Hef op julle ewige poorte; en word opgehef; en laat die Erekoning inkom."

68 Julle weet, hulle het gesê toe Hitler Frankryk oorwin het by die Triomfboog, terwyl Duitse soldate, vir die eindelose myle deurmarsjeer het, en die vliegtuie die lug verduister het, was hulle almal daar om Hitler se groot koms in Frankryk in, te vier; hoe hulle Stalin in Duitsland ingebring het. Maar o, broer, toe die Kerk vir Jesus daardie dag ingebring het: "Hef op julle ewige poorte; en word opgehef; en laat die Erekoning inkom."

En die Engel het gesê: "Wie is hierdie Koning van die Heerlikheid?

En die Ou Testamentiese heiliges, het teruggeroep: "Die Here van die leërskare, geweldig in die stryd, die groot Oorwinnaar. Hy het gevangenskap gevange geneem, Hy het gawes aan die mense gegee." Die Bybel het gesê Hy het.

69 En jy praat van 'n verwelkoming tuis? Soos die Engele oor daardie groot, pêrelpoorte, soos hulle oopgeswaai het, en Jesus, reg af deur die strate van die Heerlikheid, met die Ou Testamentiese heiliges agter Hom wat sing: *Ere Sy Die Krag Van Jesus' Naam*. En Hy het opgekom voor die Vader se troon, en gesê: "Vader, hier is hulle. Hulle was getrou oor 'n paar dinge."

Hy het gesê: "Kom hier op, Seun, en sit aan die regterhand, totdat Ek al U vyande, U voetbank maak." Daar staan Hy, vanaand.

Kyk, aanskou die Magtige Oorwinnaar,
Kyk, en aanskou Hom oop en bloot,
Want Hy is die Magtige Oorwinnaar,
Vandat Hy die sluier in twee geskeur het.

70 Daar was nooit niks wat oorwin het soos ons Here Jesus Christus nie. Wat hierdie wêreld vanaand nodig het, is 'n werklikheid. Wat hierdie wêreld vanaand nodig het, is iets wat iets beteken. Waarna die wêreld soek om in julle Christene te sien, is iets egs, hulle is so moeg om kerk te sien gespeel word, hulle is so moeg om moedeloos te wees. "Ek's Presbiteriaans. Ek's Metodis. Ek's Katoliek. Ek's Pinkster. Ek's Nasareens." Dit is nie waarvoor die wêreld honger nie, hulle honger vir die ware Brood van die Lewe.

71 Jesus het gesê: "Julle is die sout van die aarde, maar as die aarde sy geur verloor het, of, die sout sy geur verloor het, dis nie goed vir niks anders as om paaie daarvan te maak nie."

72 Sout is 'n geur as dit kontak maak. Wees jy net sout, die wêreld sal dors word. God gee ons mans en vroue wat ware, mans en vroue is wat dapper staan. Jou swakste skakel in jou ketting is die sterkste plek, wat vir die ketting sê, maak nie saak hoe sterk ander dinge is nie, so swak op een punt, daar is waar jy dit bedek wil hou.

73 Hier, 'n tyd gelede. . . Soos julle almal weet, dat ek 'n jagter is, nie om die wild dood te maak nie, ek gaan net om te bly waar, om God te sien, gaan uit in die natuur. Somtyds raak ek so siek en sat om petrol en sigarette te ruik, dat dit jou laat opgooi. Ek hou daarvan om ver op te gaan in Sy katedraal bo-op die berg iewers, daar alleen te wees, nie die gedreun van vliegtuigmotors, en so meer, te hoor nie, maar om die ewigdurende gefluister van God se Stem deur die winde te hoor soos dit deur die denne kom. Dis God vir my. O, daar's iets egs daaraan!

74 Ek het altyd bo in die noordelike woude gejag saam met 'n vriend van my, Bert Call. Ek het hom 'n paar dae gelede ontmoet en sy hand geskud en middagete saam met hom geëet, terwyl

ek in New Engeland was, in daardie streek daarbo, in die—'n genesingsherlewing.

75 En eendag, ek sou soontoe gaan om elke herfs te jag, en eendag aan die opgaan, het ek met Bert gepraat. En hy was een van die beste jagters wat ek ooit gesien het. Ek . . . Jy hoef jou nooit oor hom te bekommer nie, hy sou weet waar hy was, jy hoef hom nie te gesoek het nie, hy het geweet waar hy was in die woude. Hy was 'n goeie jagter, maar die wreedste man wat ek ooit geken het, hy was net so wreed as wat hy kon wees. Hy het daarvan gehou om klein hertekalfies te skiet, net om my te laat sleg voel.

76 Nou, dis in die haak om 'n klein hertekalfie te skiet, julle Texas seuns hier, julle jagters. As die wet sê jy kan 'n lammetjie kry, is dit in die haak, maak nie saak watter ouderdom van die takbok nie. Abraham het 'n kalf doodgemaak, en God het dit geëet. Dis reg. So daar's geen kwaad daarin om hulle dood te maak nie. Dis presies reg. Maar om net 'n moordenaar te wees, dis anders.

77 Het dit julle verstom? Hy het dit gedoen, Hy het die kalf geëet, die melk van die koei gedrink, en 'n paar mieliekoekies geëet. Dis presies reg. Eet die botter waaruit die melk gekarring is, Hy het beslis, God het dit gedoen, en reg voor Abraham verdwyn.

78 Julle sê: "Dit was 'n Engel."

79 Abraham het gesê dit was God, Elohim. Dis reg. Dit was God. O, ek's so bly dat Hy dit in Sy hand hou! Hoe groot is U!

80 Iemand het vir my gesê: "Glo jy, Broer Branham, dit was God?"

81 Ek het gesê: "Sekerlik, Dit was God. Dit . . . Ons groot Skepper? Hy net . . . Ons is gemaak uit sestien elemente, Hy het net afgereik en bietjie petroleum gekry, kosmiese lig, en—en atome, en: '*Phfff!*' 'n liggaampie geblaas, daarin geklim, en Sy Engele daarin gesit, en na Abraham toe geloop. Sekerlik. Het die vleis geëet, en was honger, en het uit sy sig verdwyn." Daardie selfde God weet waar ek begrawe sal word, Hy weet waar jy sal wees.

82 Nie lank gelede nie, het ek hierdie twee of drie hare gekam, wat ek oorhet, my vrou wat daaragter sit, sy het gesê: "Billy, jy's net omtrent bleskop."

Ek het gesê: "Maar ek het nie een van hulle verloor nie."

Sy het gesê: "Waar is hulle? Sê my."

83 Ek het gesê: "Waar was hulle voor ek hulle gekry het? Hulle wag daar vir my, eendag sal ek na hulle toe gaan." Hulle was.

84 Elke haar van jou hoof is getel, en nie een van hulle kan verlore gaan nie. Hierdie hande wat altyd 'n klein seuntjie was,

hierdie skouers wat hang onder die preek van die Evangelie, sal eendag weer terugspring na die beeld wat na Sy beeld gemaak is, in Sy gelykenis staan, gewas in Sy Bloed, verlos deur Sy genade, sal ek staan, ja, inderdaad. Geen vrees vir die dood nie, daar kom Hy.

85 En eendag, het ek na Bert toe gegaan, en hy het vir hom 'n ou fluitjie gemaak, en hy sou daardie fluitjie laat maak soos 'n klein, baba hertekalfie wat huil. Ek het gesê: "Bert, jy gaan dit nie gebruik nie!"

86 Hy het gesê: "O, Billy, ruk jou reg. Jy's net 'n lafhartige prediker, dis hoe dit is met julle almal." Gesê: "Jy's 'n goeie jagter, maar jy's te lafhartig."

Ek het gesê: "Bert, ek's 'n jagter, maar nie 'n moordenaar nie. Ek hou nie daarvan om jou dit te sien doen nie." Ek het gesê: "Moet dit nie gebruik nie, Bert."

Hy het gesê: "Ag, komaan."

87 Ons het daardie oggend begin jag, omtrent ses duim sneeu, goeie spoorsnyweer, soos enige jagter weet. En ons het gejag . . . Dit was 'n bietjie laat in die seisoen, voor ek daar gekom het, ek was nogal in die dienste. En ons het heel oggend gejag en niks gekry nie, want daardie wit-stert takbokke daarbo, hulle weet regtig hoe om weg te kruip, en hulle het weggekom, veral onder dagtyd.

88 En dit was omtrent middag, wel, Bert het gaan sit by 'n klein oopte omtrent die grootte, die helfte van die grootte van hierdie tent, en hy het daar gesit, ek het gedink hy gaan sy koffiepot uitkry, of, sy . . . was nie koffie wat ons drink nie, dit was warm sjokolade, en ek het gedink hy gaan sy—sy—sy fles sjokolade kry, en ons sou 'n paar toebroodjies eet, dan sou ons skei en weer jag, want ons het heel oggend nie eens een spoor gesien nie, die takbokke was bang. Hulle het onder bosse gebly in die dag en in die ruigtes sodat jy hulle nie kon kry nie.

89 En ek het hom opgelet, soos hy daar gaan sit het, hy het in sy sak gegaan, en ek het opgestaan, en hy het hierdie fluitjie uitgehaal. Ek het gedink: "Jy sal dit tog, sekerlik, nie doen nie, Bert." En hy het opgekyk na my met daardie akkedisagtige oë, en hy het gelag, en hy het dit begin blaas. Ek het gesê: "Moet dit nie doen nie, Bert."

90 Maar toe hy dit geblaas het, net oorkant, omtrent twintig treë van my af, het daar 'n yslike groot moederooi opgestaan. Nou, 'n ooi is die wyfie takbok. Wel, sy was so naby dat ek haar groot, bruin oë kon sien, daardie are in haar gesig, pragtige dier, haar ore wat regop staan. Wat was dit? Dit was 'n baba wat huil. En ek het afgekyk na Bert, en hy het weer opgekyk na my, Ek het gedink: "Bert, jy sal dit nie doen nie, sekerlik, sal jy nie."

91 En hy het dit weer baie stadig geblaas, en gewoonlik, is dit baie ongewoon vir 'n takbok om so op te staan op daardie tyd van die dag, en sy het reguit uitgestap in die oopte. O, hulle doen dit nooit. En sy het uitgestap sodat jy . . . sy kon gesien word.

92 En ek het daardie geweer gehoor, soos hy die—die hefboom teruggetrek het, oop daardie .30-06, en 'n honderd-en-tagtig grein sampioenkoeël daarin, en hy was 'n dodelike skut, en soos hy aangelê het met daardie geweer, het ek gedink: "O God, hy sal dit tog sekerlik nie doen nie." Daardie getroue moeder, sy het nie kerk gespeel nie, daar was iets egs in haar, sy's 'n moeder, daar was 'n baba in die moeilikheid. Sy het nie net so opgetree nie, sy het iets in haar gehad wat eg was, eg, sy was 'n moeder. Sy het nie net so opgetree nie, daar was iets wat haar dit laat doen het, dit was omdat sy 'n moeder was.

93 En sy het 'n paar voet verder geloop. Ek het gedink: "O, Bert, kan jy haar hart so uit haar uitskiet?" Ek het geweet as daardie geweer gevuur het, sou hy daardie getroue hart regdeur albei kante van haar skiet, wel, hy sou haar omtol, so naby aan haar. Ek het gedink: "Daardie kosbare moeder, wat soek na haar baba!"

94 En die takbok het omgekyk en die jagter gesien! Sy het gebewe, maar, nee, sy het nie weggehardloop nie, sy was 'n moeder. Sy het daar gestaan, die baba was in die moeilikheid. O, hoe werklik was dit nie!

95 Ek het my kop gedraai, ek kon net nie meer daarna kyk nie, gedink: "God, ek kan hom dit nie sien doen, daardie arme kosbare moeder doodmaak nie, en sy daar met daardie, met iets in haar wat haar aandryf, 'n moeder." En ek het geluister vir die geweer om te skiet, ek het my rug gedraai, ek het gedink: "Wel, God, moenie dat hy dit doen nie." Ek het 'n oomblik gewag, ek het nie die geweer gehoor nie, Ek het omgekyk, en die geweer het *so* gegaan, hy kon dit nie doen nie.

96 Hy het omgekyk, die groot trane wat teen sy wange afloop, hy het die geweer op die grond gegooi en my aan die broekspyp gegryp, hy het gesê: "Billy, ek het genoeg gehad daarvan. Lei my na daardie Jesus toe waarvan jy praat. Laat my daardie Christus ken wat liefde bring."

97 Wat was dit? Hy het iets egs gesien, hy het iets gesien wat nie aangesit was nie, hy het iets gesien wat nie skynheilig was nie, hy het iets gesien wat eg was. En daar op daardie sneeuwal, het ek daardie wrede jagter na die Here Jesus Christus toe gelei, en 'n liefdevolle, nederige Christen geword. Hoekom? Al die prediking het dit nie gedoen nie, dit was, hy het iets egs gesien.

98 O, kerk van die lewende God, die wêreld soek na iets egs vanaand. Sou jy daarvan hou om genoeg Christus in jou hart te hê, dat jy in die aangesig van die dood kan staan? Selfs julle siek mense wat siek is, kan julle Hom net op Sy Woord neem, lewe of

sterwe, hier staan op Sy Woord? Julle, wat hierdie verskille gehad het, en al hierdie probleempies, en denominasionele grense, sou jy nie graag iets wou hê om te wys dat wanneer jy in die straat afloop, mans en vroue sê: "As daar ooit 'n goddelike vrou was, of man, daar gaan dit." Iets egs, 'n lewe wat vertel.

99 Kom ons buig ons hoofde net 'n oomblik terwyl ons hieraan dink. Wat is dit? Liefde het daardie jagter oorwin. God se liefde oorwin. Sal julle liefhê, vanaand, in hierdie gebou, wat ek weet julle doen, almal hierbinne, wat graag vir Christus so werklik in hulle hart wil hê, dat Christus net so werklik vir jou sou wees, soos die liefde van daardie moeder vir haar baba was? Sal julle net julle hande opsteek, saggies, terwyl ons wag? Maak nie saak hoe lank jy 'n Christen was nie, ek wil jou net vra. God seën jou. God seën jou. Dis goed. Honderde hande, reg rondom.

100 "Here, maak in my. Laat my opstaan, Here, as 'n vrou, of as 'n man, laat my 'n heilige opstaan. Laat my opstaan uit my sitplek om iets egs te wees. God, laat my U liefde so in my hart vertoon, dat wrede sondaars kan volg, my dophou vir 'n voorbeeld, en my na Gólgota volg.

101 Is daar nog, terwyl ons wag, net 'n oomblik? Steek julle hande op, ek weet . . . wat nie hulle hande opgesteek het 'n rukkie gelede nie. God seën jou, suster. God seën jou, jongdame. God seën jou, skat. Dis goed.

102 Ver agter daar binne. Die Here seën jou. Ver buitekant nou, steek julle hande op, sê: "God . . . "

103 Kyk vriend, jy sê: "Watter verskil maak dit, Broer Branham?"

104 O, vriend, laat ons nie nog koud en styf wees nie, laat ons besef waar ons staan. Laat ons ons hand opsteek, sê: "God, wees my, 'n sondaar, genadig, ek . . . " God seën jou, ver hier oorkant in hierdie paadjie, ek het jou nie 'n rukkie gelede gesien nie. Die Here seën jou, hieragter. Wees baie eerlik.

105 Jy sê: "O, Broer Branham, ek het in tale gepraat, ek het geskree."

106 Dis goed. Ek het niks daarteen nie, dis die werke van God. Maar kyk, vriende, as jy nie liefde het om daarmee saam te gaan nie, sal niemand jou glo nie, niemand sal jou glo nie. Dis wonderlik, ek glo daarin, maar jy het liefde selfs daarsonder, hulle sal jou vinniger glo. Dis reg. Jy die ware liefde van God kry, sal hierdie dinge vir hulleself plaasvind, maar kry eers vir God. Kry vir God, kry die ware Ding, kry die Boom, Dit sal Sy Eie vrugte dra.

107 Sal iemand anders nou net jou hand opsteek, wat nie 'n rukkie gelede het nie, sê: "God, wees my genadig." Dink jy nie Hy staan daar en kyk na jou nie? God seën jou, jong dame, dis goed. Dametjie hier, miskien . . . God seën jou, die dame wat hier sit.

Dit mag die laaste geleentheid wees wat jy ooit het. Seën daardie dogtertjie daaragter, 'n seuntjie is dit, seën sy hartjie.

108 Sê: "Wat weet daardie kind daarvan?"

109 Jesus het gesê: "Laat die kindertjies na My toe kom, verhinder hulle nie, want aan sulkes behoort die Koninkryk."

110 God seën jou, suster, met jou hande daarbo. God seën jou, jongman. Dis goed. Bid dat God 'n predikertjie van jou sal maak, skat, nog 'n seuntjie.

111 Baie stil, nou. Dink daaraan. Wat as hierdie jou laaste aand is? Jy sal nie enige kans hierna hê nie. Wanneer jy hierdie lewe verlaat, is dit alles verby. Jy mag baie jare aangegaan het, vermors het, maar wat nou daarvan? Laat ons vanaand begin.

112 God seën jou, dame. Net 'n bietjie wag mag soveel vir jou beteken het. Jy het oorgegaan uit die dood na die Lewe. Steek jy jou hand op na God, en bedoel dit, en kyk of God nie iets *hierbinne* skep, in jou nie. Sekerlik, Hy sal.

113 God seën jou, suster, jong dame daar, net 'n tiener. Reg in hierdie belaglike ruk-en-rol, boegie-woegie-ouderdom, 'n jong meisie haar hande te sien opsteek om Christus te dien, God seën jou, jongdame. Jy kan dit nie op jou eie doen nie. Christus is hier. "Niemand kan na My toe kom, tensy My Vader Hom eers trek nie. En almal wat na My toe kom, Ek sal hulle Ewige Lewe gee, hulle opwek in die laaste dag." Nog 'n hand? God seën daardie jong vrou, haar vriendjie wat daar langs haar sit.

114 Julle sê: "Beteken dit enigiets?"

115 Dit hang af van wat jy bedoel het toe jy jou hand opgesteek het. Ek weet ons het geloofsbelydenissies, en dingetjies wat ons doen *dit*, *dat*, of die *ander*, maar Jesus het dit gesê: "Hy," persoonlike voornaamwoord: "hy wat My Woorde hoor, en glo in Hom wat My gestuur het, het," teenwoordige tyd: "Ewige Lewe," dis *Zoe*, God se Eie Lewe, "en sal nooit in die Oordeel kom nie, maar het," verlede tyd: "oorgegaan uit die dood in die Lewe." Dis wat Hy gesê het.

116 Of jy wil hardloop na die altaar, of jy wil kniel by jou sitplek, of jy jou hand wil opsteek, waar jy jou oorgawe wil maak, dit maak nie saak nie, dis die toestand wat jy bedoel het toe jy na die altaar toe gegaan het, gekniel het by jou sitplek, of jou hand opgesteek het, dis al wat jy bedoel het, wat jy van God gedink het.

117 Sou daar nog net 'n paar wees, voor ons bid? Almal wat behoeftig is vir God vir enigiets, steek jou hand op, net nou. "God, wees my genadig, ek het U nodig." God seën julle. God wees genadig. Dink nou daaraan, hierdie mag julle laaste uur wees.

118 As God wil, wil ek môre-aand, of volgende aand, preek oor *Die Handskrif Teen Die Muur*, die sputnik in die lug, wat God nadertrek aan die einde van die eeu.

. . . gestort vir my,
En dat U my gevra het om na U toe te kom,

Wat as hierdie die laaste uur is om julle te skei tussen genade en oordeel?

. . . Ek kom! . . .

119 Sal jy net jou hand opsteek? "God, wees my genadig." God seën jou, daaragter, jongkêrel, wat huil met jou hand uit. Sonder twyfel het baie 'n ou moeder se gebede vir jou opgegaan, seun. God het jou gehoor. Hy het jou gesien. Hy staan daar by jou. Hy's die Een wat vir jou gesê het om jou hand op te steek.

120 Iemand anders, net voor ons bid? Opregte . . . God seën jou, jongman. Ek het opgelet reg langs 'n ry het 'n jong dame haar hand opgesteek, nou drie jongmense wat in 'n ry sit, daar is nog een oor in daardie ry wat nie hulle hande opgesteek het om Christus net nou te aanvaar nie. "Maak in my, O God, iets egs."

121 Miskien behoort jy aan die kerk, o, vriend, dit—dit net . . . dis lekker om aan die kerk te behoort, maar, o, goeiste, as jy nie wedergebore is nie, is jy verlore. Sien? Dink daaraan, Jesus het oorwin, Hy sal jou iets in jou hand gee om die stryd mee te veg.

122 Nog een keer nou, voor ons bid. Maak seker jy het die regte besluit geneem. As jy jou hand opgesteek het, weet jy jy het. As jy nie het nie . . . God seën die dametjie hier, seën jou, skat. Goed. Ver agter aan die agterkant, ja, 'n klein, tienermeisie. God wees wonderlik vir jou, dierbare suster.

Laat ons nou ons hoofde baie eerbiedig buig. Elkeen in gebed.

123 Ek gaan vir Broer Cerullo vra, of hy hiernatoe sal kom om hierdie gebed vir my te lei, ek raak hees. Met julle hoofde gebuig, bid nou, elkeen, en God sy met julle.

58-0610 Die Magtige Oorwinnaar
Tentdiens
Dallas, Texas V.S.A.

AFRIKAANS

©2026 VGR, ALL RIGHTS RESERVED

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org

Kopiereg kennisgewing

Alle regte voorbehou. Hierdie boek mag gedruk word op ‘n tuisrekenaar vir persoonlike gebruik of om uitgegee te word, gratis, as ‘n middle om die Evangelie van Jesus Christus te versprei. Hierdie boek kan nie verkoop word, op groot skaal gereproduseer word, op ‘n webtuiste geplaas word, in ‘n opsoekstelsel geberg word, vertaal word in ander tale, of gebruik word om fondse in te samel, sonder die uitdruklike geskrewe toestemming van Voice Of God Recordings®, nie.

Vir meer inligting of vir ander beskikbare material, kontak asseblief:

VOICE OF GOD RECORDINGS
P.O. BOX 950, JEFFERSONVILLE, INDIANA 47131 U.S.A.
www.branham.org